

Die standpunt vir die behoud van Latyn

I W B de Villiers SC, Voorsitter, Pretoria-Balie



Veel meer is op die spel as bloot die kennis van 'n taal. Die toekoms van ons gemenerereg is in gedrang. Hoe sal regters wat geen kennis van Latyn het nie, in staat wees om ons gemeenregtelike bronne na te gaan en uit te lê?

Die teenstanders van Latyn sal hierop antwoord deur te sê dat dit eintlik nie vir 'n regter nodig is om die gemeenregtelike bronne na te gaan nie. Dit is immers alreeds in die sogenaamde "case law" uitgepluis. Waarom hierdie oormatige belangstelling in die ou bronne?

Ek meen dat die debat oor Latyn eintlik 'n debat is oor vervlakking in ons reg. Ons soek vinnige antwoorde. Ons leef immers in die tyd van die rekenaar. Kan ons nog die tyd bekostig om na ons gemenerereg te wil teruggaan?

Die antwoord, na my oordeel, is dat ons 'n groot fout sal begaan indien ons sou toelaat dat vervlakking in ons reg intree.

In die Hof vir Klein Eise sal niemand verwag dat die kommissaris die gemenerereg moet navors nie. Vanweë die besondere omstandighede wat in daardie hof geld, is daar nie die tyd of geleentheid om dit te doen nie. Van 'n Landdroshof sal in 'n gegewe geval wel verwag word om die gemenerereg na te gaan, maar sy beslissings hoef nie leiding te gee aan ander howe nie. Daarom is dit nie so noodsaaklik om die gemenerereg na te vors nie.

In die Hooggeregshof is dit ook dikwels onnodig om die gemenerereg na te gaan, veral waar daar vroeëre beslissings bestaan wat die ou bronne nagegaan en oopgevelek het. Maar daar is wel van tyd tot tyd in die Hooggeregshof geleenthede wanneer 'n advokaat die gemeenregte-

like bronne moet navors ten einde 'n behoorlike argument voor die hof te kan plaas. In so 'n geval moet die advokaat toegerus wees om dit te kan doen, en sonder 'n behoorlike kennis van Latyn sal hy nie daartoe in staat wees nie.

Gelukkig het ons Appèlhof, veral, oor al die jare die voortou geneem met 'n deeglike analise van ons gemeenregtelike gesag. Sonder kennis van Latyn sou die Appèlhof seer sekerlik nie daartoe in staat gewees het nie. 'n Advokaat moet bevoeg wees om aan so 'n debat te kan deelneem en sy deel by te dra. As hy nie daartoe in staat is nie, sal sy opponent hom die loef kan afsteek. Nog erger: hy sal nie sy plig teenoor sy kliënt en die hof nakom nie.

Teenstanders van Latyn sal hierop waarskynlik antwoord dat een kursus Latyn op universiteitsvlak nie voldoende is om 'n advokaat in staat te stel om die gemeenregtelike bronne na te vors nie.

Ek meen dat indien daardie kursus op die korrekte wyse aangebied word, dit die advokaat wel daartoe in

staat sal stel. Sekere van ons universiteite lê hulle reeds daarop toe om vir so 'n student *capita selecta* uit ons gemeenregtelike bronne te laat lees. Die klem behoort te val op ons gemeenregtelike bronne en nie soseer op die klassieke skrywers van Latyn nie.

Natuurlik behoort advokate aangemoedig te word om 'n hoër kwalifikasie in Latyn te behaal, maar die feit dat die verpligte kwalifikasie slegs een kursus op universiteitsvlak is, is geen rede vir afskaffing van die vereiste nie.

Latyn het dus groot praktiese betekenis in die regsberoep, veral vir die advokaat en die regter. Dit spreek vanself dat ons akademici regsopleiding so behoort aan te pas dat hulle die voornemende advokaat toerus vir sy taak om die gemeenregtelike gesag na te vors.

By regsopleiding behoort daar, na my oordeel, baie meer gekonsentreer te word op die oorspronklike tekste, sodat daar by die student die voorliefde gekweek word om na die bron terug te gaan en nie bloot te aanvaar wat andere oor die bron gesê het nie. Daar behoort, in hierdie verband, ook baie meer samewerking te wees tussen Latyn- en regsdosente.

Die teenstanders van Latyn betoog dat Latyn 'n "addisionele hekkie" vir die swart student is, wat dit vir hom moeilik maak om toe te tree tot die advokaatsberoep en gevolglik ook uiteindelik die regbank.

Natuurlik was Latyn nog al die jare 'n addisionele hekkie omdat dit hoër verstandelike dissiplinêre vereistes stel. Dit is welbekend dat daar al heelwat persone was wat eenvoudig nie oor hierdie hekkie kon kom nie. Dit is egter nog nooit as 'n rede beskou waarom Latyn as vereiste af-

geskaf moet word nie. Om die redes hierbo genoem, is dit onontbeerlik vir advokaat en regter om 'n grondige kennis van Latyn te hê.

Daar word selfs betoog dat die vereiste van Latyn "onbillike diskriminasie" teen swartmense is. Hoe dit moontlik kan wees, word nie verduidelik nie. Die vereiste word immers vir almal gestel, afgesien van ras of kleur.

Die Pretoria-Balie het by 'n algemene vergadering wat gehou is voor die vergadering van die Algemene Balieraad (ABR) gedurende Julie 1988 in Bloemfontein, eenparig ten gunste van die behoud van Latyn gestem. Benewens die Pretoria-Balie, is ook die Bloemfontein- en Kimberley-Balies ten gunste van die behoud van die Latynvereiste.

Dit is belangrik om te vermeld dat geeneen van die Balies wat by die ABR-vergadering vir afskaffing ge-

stem het, behalwe die Kaapse Balie, by *algemene vergaderings* van daar die Balies daarop besluit het nie. Dit was bloot die *Balierade* van die verskeie Balies wat ten gunste van afskaffing besluit het. Die *Balierade* is weliswaar die uitvoerende liggame van die onderskeie Balies, maar geen Balieraad sou gekies gewees het met 'n mandaat van sy lede om vir die afskaffing van Latyn te stem nie.

Ek meen derhalwe dat die meerderheidsbesluit van die ABR ten gunste van afskaffing van die vereiste nie vertolk moet word as 'n weergawe van die mening van die meerderheid van die Republiek se advokate nie, maar slegs as die mening van die meerderheid van die *Balierade*, wat geen mandaat van hulle lede daartoe verkry het nie, behalwe in die geval van die Kaapse Balie.

Die besluit van die Vereniging van Universiteitsdosente ten gunste van

afskaffing van die vereiste vertolk, volgens my inligting, ook nie die siening van al die akademici in die land nie, maar bloot die meerderheid van diegene wat die betrokke vergadering bygewoon het.

Die prokureurs se siening van Latyn verskil noodwendig van die advokate s'n, aangesien dit klaarblyklik nie nodig is vir 'n prokureur om oor dieselfde kennis van Latyn te beskik as 'n advokaat nie.

Die opskorting van die vereiste van Latyn sou bloot 'n tydelike oorgangsmatreël wees ten einde te voorkom dat daar onbillikhele in-tree as gevolg van die verskillende hofbeslissings oor die Latynvereiste. Die Pretoria-Balie meen dat dit regverdig is dat die opskorting nou opgehef moet word, en dat die vereiste weer in werking gestel behoort te word. ■

GENERAL MEETING: ASIA-PACIFIC LAWYERS ASSOCIATION

The Third General Meeting of the Asia-Pacific Lawyers Association will be held in Honolulu, Hawaii January 6-9, 1989. The Asia-Pacific Lawyers Association is the largest group of lawyers from the Pacific Rim countries. Lawyers who are not members of the APLA are also welcome at the Honolulu meeting. The APLA expects a large number of lawyers from the Pacific Rim countries as well as from Europe to attend the Honolulu meeting.

The theme of the General Meeting programme will be trade and investment in the Asia-Pacific region. Following a meeting of the APLA council on January 6, all members will be involved in the opening programme on Saturday morning, January 7 and the meetings of the APLA's committees that afternoon. On Sunday, January 8, 1989 each of the APLA's committees will present programmes relating to the theme of trade and investment in the Asia-Pacific region.

The conference will not be all work and there will be time to meet fellow delegates at a cocktail reception at the official residence of the governor of the state of Hawaii, excursions on Monday, January 9, and a lavish informal luau (feast) on a Hawaiian beach that evening.

All lawyers with an interest in investment and trade in the Asia-Pacific region are encouraged to attend as this will be an unparalleled opportunity to meet lawyers from the region.

Enquiries should be addressed to:

Noel Tunbridge

P O Box 248

Cape Town 8000 (Telephone: 021 247015)